



# HANS ENDLER†

**D**IE berig het ons bereik dat Hans Endler, die bekende Stellenbosche musikus op 30 Junie op Pinelands, Kaapstad, oorlede is. Hy het besonder waardevolle dienste aan die musiek van sy aangenome land bewys. Soos in die geval van ander vooraanstaande persone, wil „Die Brandwag” ook aan sy nagedagtenis hulde bewys, en gee daarom die volgende beknoppe lewenskets van hom — gedeeltelik nog deur homself kort voor sy dood opgestel.

Hans Endler is op 1 Januarie, 1871 in Oostenryk gebore. Op agtjarige ouderdom het hy viool en sang geneem onder leiding van sy skoolonderwyser. Soos die geval met alle musikale seuns was, moes hy ook in die kerkkoor sing. Sy altstem het sy leermeester en toehoorders bekoor, sodat hy tydens die eerste jare menige solo's in verskeie Misse en Oratorios moes sing. Hy het gevorder en sy belangstelling in musiek het toegeneem.

Sy eerste vioolonderrig was egter nie bevredigend nie, want hy moes saam met 'n groep van 5 of 6 les neem. Toe hy 14 jaar oud was, en dit duidelik geword het dat hy sy lewe aan musiek sou wy, is hy na Sternberg vir verdere opleiding onder die meester Zerny, dirigent van die stadsorkes, gestuur. Hier het hy ook verskillende instrumente, o.a. altviool, tjello, bas viool en trompet leer speel. Sy dirigent-onderrig was dikwels afwesig en dan moes hy as jong seun die stadsorkes dirigeer by teateropvoerings van dramas en operettes. Hierdie ondervinding was vir hom van veel waarde en sy sukses en ywer het toegeneem. Wilhelm Jahn, direkteur van die Weense Operahuis, was by een van sy opvoerings in die saal en na afloop daarvan het hy vir Endler kom gelukwens en hom aangeraai om in Weenen aan die Akademie van Musiek te gaan studeer.

In 1890 het Endler besef dat hy onder ander meesters moes studeer en toe is hy na Weenen waar hy by die vierde Regiment „Hochs und Deutchmeister” aan-

gesluit het. Die leërorke was destyds die beste in Weenen. Terselfdertyd het hy ook student geword aan die Staatsakademie vir musiek. In die Weense Regiment het hy onder die stok van C. M. Ziehrer, opvolger van Johann Strauss, gespeel. Terloops kan gemeld word dat sommige van Ziehrer se walse nog deur die Kaapse orkes uitgevoer word. Aan die akademie het hy viool, Tjello, klavier en harmonie as hoofvakke studeer. Geskiedenis het hy onder prof. Prosniz geneem. Prosniz was die grootste musiekgeleerde van dié tyd. Onder Prosniz en aan die akademie het hy gevorder. Prosniz was 'n man met 'n verbasende geheue. Hy kon enige noemenswaardige werk deur Mozart, Beethoven, Bach, Brahms, Scarlatti, Schubert, Mendelssohn, uit die kop speel en aan hom net die opus-nommer gegee is. Endler was ses jaar lank student aan die Staatsakademie en het onder die stok van Johann Strauss, Grieg, dr. Hans Richter, en Franz Schalk in die Weense Filharmoniese orkes gespeel. Voor Brahms het Endler kamermusiek gespeel en in 1897, net 'n week voor sy vertrek na Londen, het hy die begrafnis van Brahms bygewoon. Dit was 'n treurige dag vir Weenen en ook vir die hele wêreld, te meer daar in die laaste tien jaar van die eeu nog twee groot Oostenrykers dood is, naamlik dr. Anton Bruckner, die komponis in 1896 en Johann Strauss in 1899. Kort hierna is sy vriend en kollega, Franz Schmidt, oorlede, die laaste groot komponis van Oostenryk.

In Junie 1897 het Endler in Londen aangekom. Hier was hy ses jaar lank verbonde aan Drury Lane-teater, Haymarket-teater en Queens Hall. Dikwels is van sy eie komposisies in die Haymarket-teater uitgevoer. Hy was ook lid van die Harrison-orkes en solo-tjellis van die Carl Rosa-operageselskap wat deur Skotland, Engeland en Ierland getoer het. As tjellis vir kamermusiek was hy in verskeie institute werksaam waar hy met beroemde kunstenaars in aanraking gekom het, o.a. Arthur de Greef, die klavierspeler, en Ergan Isay, die grootste Belgiese vioolvirtuoos.

In Engeland het hy vir Karl Metzler, wat aan die beroemde Beyreuth Wagner-orkes verbonde was, ontmoet. Kort hierna het Metzler vertrek na Suid-Afrika. Nadat hy 'n tyd lank hier was, kry Endler 'n brief van hom waarin hy hom versoek, namens 'n firma in Kaapstad, om as tjellis hierheen te kom. Hy aanvaar toe die aanbod van die fir-

ma om te kom speel in die Kaapstadse operagebou en om op te tree as tjellis vir die Kamermusiek-vereniging. Hier aangekom in 1903, vind hy geen Operagebou-orkes nie.

Metzler oorreed hom toe om na die Paarl te kom, waar hy prof. P. K. de Villiers ontmoet het. P. K. de Villiers vra toe vir Endler om na Stellenbosch te kom. Hier het die plan by hom posgevat om 'n konservatorium vir musiek te begin. Prof. Jannasch wat reeds goeie werk gedoen het in sy Greylock-Akademie vir Musiek, het kort vantevore die onderneming laat vaar en het 'n betrekking aangeneem by die firma, R. Müller in Kaapstad. Endler het die saak met prof. Marais en Hofmeyr bespreek, en nadat hy mnr. Runge en Mayer in sy vertrouwe geneem het, het sy plan vorm aangeneem. Prof. Marais was 'n bietjie twyfelagtig oor die moontlikheid vir 'n konservatorium vir musiek, aangesien vroeëre pogings in hierdie rigting nie baie vrug gedra het nie. Prof. Hofmeyr, begerig om al die musici onder een dak te kry, het hom beweeg om prof. Jannasch, mej. Nancy de Villiers, mev. Von Willich en mnr. Schniter in sy onderneming op te neem. Langs hierdie weg het die Konservatorium op Stellenbosch ontstaan in 1907, nege jaar voor die „College of Music” in Kaapstad.

Die regering van Oostenryk het kennis geneem van sy werk in die buiteland en ook in Suid-Afrika en in 1908 is hy deur keiser Franz Joseph van Oostenryk tot ridder geslaan.

Sy verdere werk op Stellenbosch is oorbekend. 'n Orkes het tot stand gekom onder sy leiding waarmee hy in die ou Bloemhofsaal in 1904 sy eerste Simfoniekonsert uitgevoer het. In 1908 het „Die Skepping” van Joseph Haydn in die nuwe Konservatoriumsaal gevolg. Mej. Nancy de Villiers was die solo-sopraan. Hierna is opgevoer „Die Messias,” „Elia,” „St. Paul,” „Judas Macabaeus,” „Die Seisoene” en daarna Mozart se Gedenkfees, Schubert se Beethoven-Gedenkfees, en amper al die operettes van Gilbert en Sullivan, Hoek van Holland, die „Merry Widow,” en dan twee van sy eie operettes, naamlik „In Old Vienna,” en „Pa se dogter,” die eerste operette in Afrikaans; vir die woorde daarvan was Spiethoff verantwoordelik. Verder was sy koor en kamermusiek bekende instellings van die Konservatorium. As solo-tjellis het hy met Elise Hall, Haasdyk, P. de Beer, dr. Anna March, mnr. Graham en baie ander artieste opgetree. Mevr. Endler (nee Enid Briscoe) was die eerste kandidaat wat die Lisensiaat-eksamen in tjello in Suid-Afrika in 1912 behaal het. Ander vername studente van Endler op Stellenbosch was Dorothy Radloff, en dr. Guido Perold. Albei het reeds met groot sukses saam met die Kaapse orkes opgetree.

Endler het verskillende Afrikaanse liedere gekomponeer, soos „Drie Afrikaanse liedjies,” „Eerste Suid-Afrikaanse wynlied” (1941); „Oud Nederlandse dankgebed” (1922); „Sing weer vir vir my,” Soos die windjie wat suis,” „Sterrelied” en „Tuiste” (1935).